

## BYBELGENOOTSAP GROET UITVOERENDE HOOF

Ds Gerrit Kritzinger, die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA), tree aan die einde van November af. Ds Kritzinger was 25 jaar in diens van die Bybelgenootskap waarvan 17 as Uitvoerende Hoof.

Hy het in 1990 in die Oos-Kaap by die Bybelgenootskap aangesluit en in 1993 word hy hoof van daardie streek. In 1994 word hy Adjunk Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap en van 1 Januarie 1998 is hy die Uitvoerende Hoof.

Ds Kritzinger sal om baie redes onthou word vir sy bydrae om die visie van die Bybelgenootskap, 'n Bybel vir elkeen, te bevorder. Nie net het hy diep spore hier plaaslik getrap nie, maar hy het ook sy merk internasionaal gemaak.

Gedurende sy termyn het verskeie nuwe Bybelvertalings, in onder andere Tshivenda en Sepedi asook 'n spesiale vertaling in Afrikaans vir Dowes, verskyn. Meer onlangs is die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* gepubliseer. Dit is die eerste deel van 'n nuwe vertaling waaraan daar tans gewerk word op versoek van die kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik.

Hy het ook verseker dat daar tred gehou word met moderne ontwikkelings en vandag is dit moontlik vir Suid-Afrikaners om die Bybel op hulle selfone, tablette en e-lesers te kan hê. Sedert hy in 1998 as Uitvoerende Hoof oorgeneem het, het die BSA meer as 12,8 miljoen gedrukte Bybels asook miljoene Selfoonbybels in Suid-Afrika versprei.

Onder sy leiding is die Bybelgenootskap in 'n nie-winsgewende maatskappy omgeskakel en kerke het meer direkte inspraak in die beheer van die Genootskap bekom.

Hyself beskou egter die publikasie van die eerste volledige Bybel ooit in isiNdebele in 2012 as die absolute hoogtepunt van sy termyn. Honderd vyf en vyftig jaar nadat die eerste vertaling van die Bybel in 'n Suid-Afrikaanse taal— Setswana in 1857 – voltooi is, het die laaste taal, isiNdebele 'n volledige Bybel ontvang. "Wat 'n wonderlike voorreg om te kan sê dat al elf amptelike tale in Suid-Afrika nou oor die volledige Bybel beskik en dat ek hier kon wees vir hierdie besondere mylpaal," sê ds Kritzinger.

Ds Kritzinger was ook die afgelope aantal jare baie betrokke by wêreldwye Bybelwerk en het op verskeie rade gedien, onder andere op die Afrika Raad van Bybelgenootskappe asook op die Wêreldraad van Bybelgenootskappe. Op beide hierdie rade het hy as voorsitter gedien en was ook die eerste Suid-Afrikaner ooit om die spesifieke amp te beklee.

Gerrit Kritzinger is 'n NG predikant en het voor sy koms na die Bybelgenootskap die gemeentes Algoapark in Port Elizabeth (1975-1979) en Cradock-Oos (1979-1990) bedien.

Ds Gerrit Kritzinger word op 1 Desember 2014 deur ds Dirk Gevers as Uitvoerende Hoof opgevolg. Dirk Gevers is 'n Presbiteriaanse predikant wat reeds die afgelope sewe jaar in diens van die Bybelgenootskap is.

EINDE

*kommunikasie*

t +27 (0)21 910 8705 / f +27 (0)21 910 8774



**bybelgenootskap van suid-afrika**

---

edwardstraat 134, bellville / posbus 5500 tygervallei 7536

www.bybelgenootskap.co.za  